Publication: Rapport (Kaap), Weekliks
Date: 05 Mar 2017
Page: 5

nader as Kaapstad. Stellenbosch sal dus beslis sy deure moet oophou vir sulke studente.

Sommige Afrikaanse studente voel weer stilgemaak wanneer dit by die taaldebat kom, want die openbare gesig van Afrikaans weerspieël nie noodwendig hul "gesigte" nie.

Dit is op hierdie punt dat ek voel dat Afrikaans geherstandaardiseer moet word en 'n *facelift* moet kry. Ek sê nie wit mense moet nie Afrikaans praat nie - ek sê bloot dat die stemme van bruin en swart mense in die Afrikaans-debat beter gehoor moet word.

Daarom het ek vir die video regtig probeer om met soveel moontlik verskillende mense te gesels oor die onderwerp sodat ek vars opinies kan kry. Die media word oordonder met opinies van mense wat verskeie inisiatiewe ondersteun en dit is bekend waarvoor daardie inisiatiewe staan. Met die dokumentêr wou ek luister na dié mense wat nie altyd gehoor word nie.

Een van die hoogtepunte was om met die skrywer Abraham Phillips te gesels. Hy is so 'n nederige man en wat hy sê, verskuif as't ware jou denke.

Ek was oorweldig toe ek wegry van sy huis in Worcester, want as jong bruin skrywer het ek soveel respek vir mense wat die pad voor my gestap het, asook die mense vir wie die *dice* nie altyd so lekker geval het nie.

Die dokumentêr is gemaak vir alle mense, maar ek dink wat dit uniek maak, is dat dit deur 'n jong bruin stem vertel word, 'n stem wat steeds nie genoeg gehoor word nie.

> Ek voel die volgende stap is om eienaarskap te neem van ons taal.

Hierdie gevoel word in die video geëggo deur Herschelle Benjamin, ook 'n honneurs-dramastudent en jong skrywer. Ons het nuwe stemme nodig sodat jong kinders op die Kaapse Vlakte of die platteland of voorheen benadeelde gebiede kan voel dat hulle ook in hul taal kan skep en leer.

Ek voel die volgende stap is om eienaarskap te neem van ons taal. Die gesprek is geopen en ek is verskriklik opgewonde om die gesprek verder te neem. Die uiteindelike doel van *Die ander kant* is om mense aan die gesels te kry en te laat besef wat die ander kant van die taalkwessie is - die kant wat misgekyk word of op getrap word en nie aan gehoor gegee word nie.

Die bruin narratief is so belangrik, want so lank is ons misgekyk en ons stemme nie gehoor nie en dit is regtig van kardinale belang dat ons wat in die Wes-Kaap woon ons eie taalgemeenskap dien en tot die debat bydra.

Dit sal rampspoedig wees as 'n taalgemeenskap skade ly omdat nie alle stemme gehoor word nie.



**Mercy Kannemeyer: "Ek voel die volgende stap is om eienaarskap te neem van ons taal."** | FOTO: CONRAD BORNMAN

**■ Mercy Kannemeyer is 'n honneurs-student in drama en teaterstudie.**
**■ Die video is op www.youtube.com, soek vir "Die ander kant".**

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission